



# Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompas



Jaargang 24  
No 02  
Februarie 2015

Word wakker!.....	2
Die Gereformeerde Kerke in Benin .....	4
Die Sabbat.....	6
Mission Aviation Fellowship.....	8
Die voorspoed-evangelie .....	10
Werk om te doen in 2015.....	13
Alles, alles is genade..	17
Katryn: Vrou van die Richtersveld.....	18
Konkordante vertaling	20

## Leef in 2015 tot eer van die Here

Waarom glo ons? Een van die artikels in hierdie *Kompas*-uitgawe handel oor die “Evangelie van voorspoed”. Die mense wat hierdie geloof aanhang, weet hoekom hulle glo. Geloof gee baie geld, gesondheid, die moontlikheid om in weelde te lewe. Ons weet dat dit nie reg is nie. Geloof gee nie outomaties rykdom en gesondheid aan ons nie.

Tog is dit goed om ‘n bietjie oor hierdie vraag na te dink. So baie van die aanhangers van die “voorspoed-evangelie” val vir die boodskap van kitsrykdom en voorspoed. Die mens en sy geluk staan sentraal. God moet dit vir my gee, want ek glo mos in Hom. Ons dwing Hom om ons behoeftes te bevredig. En dit is ook nooit genoeg nie. Genoen is altyd ‘n bietjie meer. Daarteenoor staan die gereformeerde geloof. Daar staan God sentraal. Ons doen alles tot sy eer. Alles is genade. Dit staan so mooi in die lied: “Alles, alles is genade” wat Jan Scharp alreeds in 1806 geskryf het (bl 17). Laat ons in 2015 met ons lewe wys dat ons tot God se eer leef, dat ons oor God se liefde juig en van God se guns getuig. In die rubriek “In Perspektief” lees ons hoe ons dit kan doen. Ons moet ons lewe deur die Heilige Gees laat lei. Ons moet tot God se eer leef.

Dit is ‘n belangrike woord: Ons doen alles tot eer van God. Soos Paulus in 1 Korinthiërs 10:31 beveel: “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God”; of in Kolossense 3:23: “En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.” In Kolossense 3 gaan dit om die slawediens waarin jy maklik tot uiterlike diensbaarheid kan verval. Maar die Christenslaaf kan sy werk met toewyding en vrede doen, ja, selfs in liefde, omdat hy weet dat hy uiteindelik in diens van die Here staan. Dan staan die slaaf of sy lewensomstandighede nie sentraal nie, maar die Hemelse Here.

In ons samelewing kry ons ook te doen met ‘n bestuurder of werkgewer wat onredelik is. Of met ‘n openbare mening wat onregverdig is. Dit is nie maklik om dan nie aan jouself te dink nie. Ons is so gou geneig om ons eie geluk en gemak sentraal te stel. Maar ons wil dit ter wille van Christus verdra (in gebed, met hulp van God), omdat ons as Christene leef en vir God werk.

Nie net by die werk moet ons tot God se eer leef nie. Ook in die kerk. ‘n God-gesentreerde houding in die kerk is noodsaaklik. Hoe kan ek God en my naaste dien, sonder eie eer? As ons in die gemeente werksaam is met die fokus op Koninkrykswerk. Dit kan barmhartigheidswerk in die gemeente wees. Of die bywoning van ‘n Bybelstudiegroep. Doen dit nie vir eie eer nie, maar tot eer van God.

Laat ons almal so in 2015 tot eer van die Here leef.

**Heleen Snijder**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

# Word wakker!

## Uit die Bybel



*En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van die owerspel van die afkerige, Israel, haar verstoot en haar haar skeibrief gegee het, dat die ontroue, haar suster Juda, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook self gehoereer het. En vanweë haar ligsinnige hoerery het sy die land ontheilig, ja, sy het owerspel bedrywe met klip en hout. Maar ook ondanks dit alles het die ontroue, haar suster Juda, haar nie met haar hele hart tot My bekeer nie, maar valslik, spreek die HERE. (Jeremia 3: 8-10)*

As jy iets verkeerd doen, is daar verskillende maniere waarop jy kan reageer. Jy kan jou foute probeer verbloem en maak asof daar niks gebeur het nie. Of jy kan jou trots in jou sak steek, erken dat jy verkeerd was, en daaruit leer.

Om uit ander mense se foute te leer? Dit is selfs nog beter, as dit kan keer dat jy hulle foute herhaal.

Die volk Israel het deur sy afgodsdienste geestelike owerspel gepleeg. God het die volk met die ballingskap gestraf.

### Afdraande

Dit is wat God besig was om vir die volk Juda te leer: wat met Israel (die 10 stamme) gebeur het, moes vir hulle 'n les wees.

God het Israel 'n bynaam gegee: die afkerige. Iemand wat die geskiedenis van die tien stamme ken, sal nie dink dat dit te hard is nie. Die noordelike stamme het vinnig die afdraande pad van afgodsdienste gevolg onder leiding van Jerobeam, wat die goue kalwers ingevoer het, en Agab, wie se vrou Jesebel die aanbidding van Baäl en Astarte ingevoer het. Hulle sonde het oor baie eeue heen net bly groei. Hulle was soos 'n onbekende meisie wat

skielik beroemd geword het omdat sy met 'n koning getroud is. Deur hulle afgodsdienste het die volk Israel egter geestelike owerspel gepleeg en die glorieryke posisie wat hulle ontvang het, weggegooi. Daarom het God 'n einde daaraan gemaak en die noordelike stamme in 722 v.C. in ballingskap laat wegvoer.

Juda moes uit hierdie ballingskap geleer het en ophou sondig.

### Geen bekommernisse

Toe Jeremia hierdie woorde gespreek het, was dit amper 100 jaar na die wegvoering van die noordelike stamme. Juda moes hieruit geleer het en opgehou het om te sondig.

Miskien dink u dat Juda nie so sleg soos Israel was nie. 'n Vinnige kykie na hulle geskiedenis is genoeg om hierdie verkeerde indruk reg te stel. Die boek 2 Kronieke beskryf hoe die agteruitgang begin het onder Salomo, die grootste van die konings van Juda. Rehabeam het dit waarskynlik by sy pa se vrou afgekyk. Gedurende sy regering was die afgodsdienste in volle swang en heilige klippe en hoogtes was oral oor Juda se landskap versprei. Van al die konings vanaf Rehabeam tot Josia het die helfte van hulle hierdie boosheid daadwerklik bevorder. Daarbenewens is die hoogtes tydens die regering van vyf van die agt getroue konings nie verwyder nie. Slegs drie konings het werklik probeer om die proses om te keer en die plekke en voorwerpe van afgodsdienste vernietig. Dit was Juda se prestasiegeskiedenis!

Juda het die ekstra tyd wat hulle gekry het, nie gebruik nie, maar mekaar aan die slaap gesus met 'n valse gevoel van sekuriteit.

Hulle het dieselfde sondes gepleeg, maar hulle het nie eens 'n oog geknip toe Israel weggevoer is nie. Die afgodery het 'n nuwe hoogtepunt bereik onder die regering van koning Manasse, wat Israel voorgegaan het op die pad na ontrouheid teenoor God soos nog nooit tevore nie. Sy is self Ontrouheid, en dit is wat God haar noem.

Hulle moes gedink het: “As dit die straf is vir afgodediens, dan beter ons ons hoë plekke verwyder en daardie altare onmiddelik platslaan!”

In plaas daarvan dat hulle uit Israel se voorbeeld geleer het, het hulle vir hulself gesê: “Haai, *hulle* is miskien in ballingskap, maar *ons* is nog hier! God het ons lief, Hy is aan ons kant. Is sy tempel dan nie in ons midde nie?”

Die ekstra tyd wat God hulle gegee het (meer as honderd jaar), het daartoe gelei dat hulle gedink het hulle het niks verkeerd gedoen nie. Hulle het mekaar aan die slaap gesus met ‘n valse gevoel van sekuriteit.

### Word wakker!

Wanneer ons hierdie woorde lees, is God besig om ons dieselfde les te leer. Ons hou dalk nie van die boek Jeremia nie, omdat dit vol is van oordeel en die val van Juda beskryf. Dit is moeilik om die hele boek as evangelie – goeie nuus – te beskou.

Ons kan egter baie leer uit hoe God met sy volk in die verbond omgaan. Dit word duidelik dat God ernstig is oor sy volk se gehoorsaamheid. Wanneer oordeel nie dadelik plaasvind nie, raak mense sorgeloos en dink dat God hul sondes nie straf nie. Wanneer oorloë, terroriste-aanvalle en natuurrampe die wêreld skud, is mense daarvoor besorg om die volgende gebeurtenis te voorkom, en hulle dink nie eens daaraan dat dit waarskuwingstekens van die komende oordeel mag wees nie. Hierdie denkwyse kan Christene ook beïnvloed. Wanneer dit lyk asof sonde geen gevolge het nie, maar eerder aantreklik lyk, kan ons slordig raak in ons Christelike lewenswandel.

God se Woord skud ons steeds wakker uit ons oorgerustheid.

God het egter nie net vir Israel in ballingskap laat wegvoer nie, maar ook vir Juda. Hulle het nie geleer uit die voorbeeld wat God vir hulle gestel het nie. Hulle het alle geleenthede verwerp om berou te toon. Jeremia is verwerp, bespot en selfs met die dood gedreig, omdat hulle sy boodskap gehaat het.

God se Woord skud ons steeds wakker uit ons oorgerustheid. Ons kan onself daaraan herinner en aan ongelowiges leer hoedat God gewys het dat sy woorde waar sal word. Geen twyfel daarvoor nie: God het Juda ook by die lys van voorbeelde gevoeg.

Die Nuwe Testament is nie minder ernstig wanneer dit waarsku teen sonde nie. Die lig van die evangelie skyn helder sedert Jesus gekom het om vir die

sondes van die wêreld te betaal. Maar dit bring ook groter dringendheid mee in die evangelieboodskap: toon berou, moet die sonde nie langer koester nie. Die deur van God se koninkryk is wyd oop, maar onthou dat die laaste uur van die wêreldgeskiedenis aangebreek het. Die tyd is amper verby. Nou sal die deure van die koninkryk enige oomblik gesluit word. Nou is die tyd om berou te hê oor jou sonde en God se genade te ontvang.

*Dirk Maurits Boersma, sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerk “Living Hope”, Akasia, Pretoria*

 **Hurter Spies** Inc.  
prokureurs • attorneys

### Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-664-0708  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)

### Gastewoonstel – La Cotte Inn

Bellville-omgewing, Goed geleë  
Slaapplek vir 2/3 persone  
Rolstoelvriendelik  
Alle geriewe, naby winkelsentrums,  
hoofpaaie en die Kaapse strande.  
Kontak: Jan/Ina van Alten  
Tel: 021 919 1597 Sel: 073 265 2440  
E-pos: [magdalenava@mweb.co.za](mailto:magdalenava@mweb.co.za)



# Die Gereformeerde Kerke in Benin (Eglise Réformée Confessante du Bénin)

## Kerknuus



Die ERCB is 'n klein kerkverband wat tans in slegs twee streke van Benin verteenwoordig is. Die totale aantal lede beloop 1300, wat oor veertien gemeentes versprei is.



### Geskiedenis

Die *Eglise Réformée* het in die middel van die jare '80 (1986) in Cotonou (Benin) ontstaan, nadat die eerste

stigterslede die radio-uitsendings van ds Aaron Kayayan gehoor het. Ds Kayayan het sy bekende gereformeerde radio-program *Perspectives Réformées* in Afrika uitgesaai.

Die kerk is eers op 15 Oktober 1990 amptelik erken onder die naam "Eglise Chrétienne Réformée". Sedert 25 Februarie 1991 het hierdie naam verander na die huidige naam "Eglise Réformée Confessante du Bénin" (ERCB).

Ds Dominique Djogbannan en ds Jean Dodji Koffi is die twee groot pioniers uit die ontstaanstyd van die eerste gereformeerde gemeentes van Benin. Hulle het die eerste Gereformeerde Kerk in Cotonou gestig, wat in die begin deur ds Djogbannan (voormalige predikant van die *Assemblées de Dieu*-kerk in Benin) gelei is. Die Gereformeerde Kerke in die Mono-Couffo gebied is gelei deur Jean Dodji Koffi, voorheen predikant van die Apostoliese Kerk van Benin. Hy het deur die jare 'n aantal gemeentes in

hierdie plattelandse gebied gestig. Beide pioniers is weens etiese redes en leergeskillen sedert 1997 nie meer predikante in die ERCB nie.

### Samewerking

Die samewerking tussen die DVN-GoWa (Nederlandse sendingsorganisasie) en die ERCB het in die jaar 1991 begin. Die DVN-GoWa, wat reeds in die DRK (voorheen Zaïre) gewerk het, wou graag sy evangelisasie-gebied uitbrei na Gereformeerde Kerke in ander lande, en het dit so met ds Aaron Kayayan bespreek. En juis in daardie tyd het die jong ERCB te kenne gegee dat hulle behoefte het aan 'n susterkerk-verhouding met Gereformeerde Kerke van Amerika of elders met die oog op kerk-opbou. So het dit gebeur dat ds A Kayayan, geestelike vader van die ERCB, ook die fasiliteerder van die ontstaan van die huidige samewerking tussen die ERCB en die DVN-GoWa geword het.

In 1992 het br Menno van Hulst (voormalige DVN-verteenvoorder in Zaïre) aan Dominique Djogbannan (eks-predikant en mede-stigter van die ERCB) voorgestel dat die DVN 'n broederlike besoek aan die ERCB bring om kennis te maak met die Kerk van Benin. Die doel was om die maatskaplike en ekonomiese situasie te bestudeer en om maniere van samewerking met die kerk te bespreek.

De Verre Naasten (DVN) en die Gereformeerde Kerk in Benin (ERCB) het in 1991 begin saamwerk.

Van toe af het 'n paar besoeke van die DVN aan Benin gevolg. Samewerking tussen die DVN-GoWa en die ERCB is deur verskeie besoekers sterk aangemoedig. Die besluit is in 1992 geneem tydens 'n besoek van br Ben Bolt (voormalige direkteur van die DVN) en br Menno van Hulst. Die DVN-aktiwiteit in Benin is daarop gerig om "die lidmate van die ERCB te help om hulself sodanig te ontwikkel dat hulle self die verantwoordelikheid vir die voortgang en uitbreiding van die Kerk van Jesus Christus kan neem".

Verskeie predikants-egpare het Benin in die jare '90 besoek om klas te gee in die gereformeerde Dogmatiek en om seminare aan te bied in Cotonou en Couffo. Ds Frans Wisselink (dosent aan die Gereformeerde Teologiese Skool van die Kongo) het Benin in 1998 besoek om die ERCB te adviseer oor kerkorganisasie.

Die samewerkingsooreenkoms tussen die DVN-GoWa in Nederland en die Gereformeerde Kerk in Benin het in 1995 gestalte gekry met die aankoms in Benin van die eerste opbouwerkers, egpaar Wolting; opgevolg deur egpare Van Bruggen en Prins. Hulle het kerklike sowel as sosio-ekonomiese opbouwerk gedoen in twee groot gebiede: Atlantique en Mono-Couffo. Maar die koms van predikants-egpare het aan hulle die ruimte gegee om meer te kan fokus op sosio-ekonomiese sake. Die kerklike werk kon toe aan die predikante oorgelaat word.

Vir die samewerking tussen die DVN-GoWa en die ERCB was 1997 'n deurslaggewende jaar. Gedurende hierdie jaar het die twee groot pioniers van die kerk, ds D.Djogbannan van Cotonou en Jean Dodji Koffi die ERCB verlaat. Hierdie mondigwordings-krisis het heelwat probleme vir die kerke veroorsaak. In Couffo is al die aktiwiteite vir 6 maande gestaak. En die maande van Mei en Junie 1997 was baie moeilik vir die kerk in Cotonou.

### **Konteks**

Die fokus was op die sosio-godsdienstige, sendings- en evangeliese omgewing in Benin. Die inwoners van Benin, die voormalige Dahomey, was voor kolonisasie aanhangers van animistiese godsdienste wat voorvaders aanbid het, die sogenoemde "voodoo". In die 18de eeu het die Islam die noordelike streek (Niger-vallei) binnegedring. Maar reeds in die 17de eeu het die eerste Rooms-Katolieke sendelinge Beninse grond betree. Vanaf 1843 het Metodistiese sendelinge van Engeland in Benin aangekom. Die eerste evangeliese kerke het ontstaan na die onafhanklikheidswording van Benin in 1960. In hierdie konteks van bloeiende godsdienstige, Christelike lewe het die Gereformeerde Kerk in Benin ontstaan met sy eie besondere karakter van die evangelies-gereformeerde leer.

### **Kultuur**

Die ERCB het, met die oog op kerkgroei, eers sy beleid vasgestel, en middele en strategieë geïmplementeer. Vervolgens is 'n goeie en aangepaste

teologie ontwikkel, en daarna is aandag gegee aan die geografiese, kulturele, politieke, sosiale, godsdienstige en geestelike omgewing. Verder is aandag gegee aan die vorming van 'n eie gereformeerde identiteit wat sigbaar moet word in ons lewenswandel.

### **Moeites en uitdagings**

Die ERCB het sedert sy ontstaan 'n aantal belangrike stappe geneem. So was daar heelwat hindernisse wat oorwin moes word met betrekking tot die invoering én toepassing van die Gereformeerde leer. Ook moes sy haarself 'n spieël voorhou ten aansien van die etiek: etiese probleme is aangespreek. Baie sake kan egter nog verbeter.

Die kerk moet haarself afvra: watter tipe kerk is ek en watter kerk wil ek wees? Die missie van die ERCB moet opnuut bepaal word. Die algemene beleid moet geïntegreer word. Die ERCB moet sy struktuur en organisasie hersien, sodat predikante met 'n deeglike teologiese opleiding instrumente kan word om die ERCB te reformeer.

Daar was heelwat hindernisse met betrekking tot die invoering en toepassing van die Gereformeerde leer.

### **Omgewing**

Die ERCB het tans twee kerkrade, naamlik een in *Cotonou*, 'n groot stad in Benin, en een in *Mono-Couffo*. Saam vorm die twee kerkrade die sinode, wat tans die meerdere vergadering binne die ERCB is. Alhoewel die ERCB 'n klein kerk is wat slegs in twee streke van Benin teenwoordig is, het die ERCB 'n visie vir die hele Benin.

### **Opleiding**

Op hierdie stadium het die ERCB twee predikante: ds *Théophile Djodjouwin* (opgelei in Benin) en ds *Romain Fandjinou* (wat studeer het in die Sentraal-Afrikaanse Republiek). Afgesien van hierdie twee predikante het daar ses ouderlinge van *Mono-Couffo* en twee van *Cotonou* 'n teologiese opleiding aan 'n Bybel-instituut gevolg. Dit is die mense wat aan die stuur van die ERCB staan.

### **Ondersteuning**

Ons word ondersteun deur die DVN-GoWa (Nederlandse sendingsorganisasie), wat nie meer fisies in Benin teenwoordig is nie. Maar die samewerking gaan sy normale gang.

## Taak van kerk en sending

Die rol van die DVN-GoWa is tot op hede van tegniese en finansiële aard. Hoewel daar verwag word dat die ERCB op alle terreine sal bydra, is die DVN-GoWa versoek om finansiële steun vir die uitvoer van kapasiteitsopbou. Die probleem op die oomblik is direk gekoppel aan finansiële outonomie van die ERCB. Hoe om voort te gaan met die aktiwiteite van kapasiteitsbou sonder insette van buite-af. Daarom moet die leiers van die ERCB gebruik maak van

tegniese en finansiële insette ten einde 'n deeglike ekonomiese en finansiële basis van die ERCB te bewerkstellig. Want dit het geen sin om sosio-ekonomiese ontwikkeling van die ERCB en sy omgewing te bevorder sonder om die kapasiteit van toekomstige leiers te verstewig nie.

**Ds Théophile Djodjouwin**, predikant van die ERCB in Cotonou, Benin  
(Uit Frans vertaal en verkort)

# Die Sabbat

'n Skrifgefundeerde verantwoording van hoe en waarom die sewende dag na die eerste dag as rusdag verander is

## Leer en lewe



Die Sabbat ('rus') is reeds by die skepping ingestel (Gen. 2:1-3). Later moes Israel die Sabbat as 'n voortdurende herinnering aan die bevryding uit die slawehuis van Egipte gedenk (Deut. 5:15). In die Nuwe

Testament neem die Sabbat die skadubeeld aan van die finale en heerlike verlossing deur Jesus Christus. Israel se bevryding uit Egipteland kan nie heeltemal verstaan word sonder die heilsgeskiedenis nie, waarvan die wederkoms van Christus die glorieryke klimaks is.

In die Nuwe Testament neem die Sabbat die skadubeeld aan van die finale en heerlike verlossing deur Jesus Christus.

In die Nuwe Testament is die onderhouding van die Sabbat teken van die verlossing deur Christus. Dit is 'n bykomstige rede waarom die Sabbat gevier word. Ons Here Jesus het op die eerste dag van die week opgestaan (Matt. 28:1; Mark. 16:2, 9; Luk. 24:1; Joh. 20:1). Na die opstanding van Jesus word die eerste dag van die week 'n teken van sy *voltooide* verlossing. Dit is nie per toeval nie, want dit was Jesus self wat

sy kerk telkens op die eerste dag van die week versamel het.

Na die opstanding van Jesus word die eerste dag van die week 'n teken van sy *voltooide* verlossing.

Die *heel eerste* Sondag na sy opstanding het Hy 'n afspraak met sy dissipels gehad dat Hy saam met hulle sal vergader. Reeds voor sy kruisiging het Hy dit gemaak (Matt. 26:32) en vroeg op die opstandingsmôre herinner Hy hulle daaraan deur 'n engel (Matt. 28:7-10). Op die *tweede* Sondag na sy opstanding kom Hy wêér saam met sy dissipels byeen (Joh. 20:19, 26).

Voorts het Hy die Heilige Gees op Sondag uitgestort. Pinkster beteken 'die vyftigste', dit is die vyftigste dag van die fees. Pinkster is deur die wet van Moses beskryf as *die dag ná die sewende sabbat* (Lev. 23:16). Dit wil sê op die eerste dag van die week was dit Pinkster. Pinksterdag het dus op 'n Sondag geval en op daardie Sondag het Christus sy kerk versamel deur die Heilige Gees uit te stort en 3000 siele tot die gemeente by te voeg.

Ons lees verder in die Nuwe Testament dat die gemeente in die apostels se tyd op Sondae vergader het. Nie net in Handeling 2 nie, maar ook in hoofstuk 20:7 en in 1 Korinthiërs 16:2. *Daar is selfs geen*



*bewys dat Christus na sy opstanding die dissipels op 'n Saterdag byeen gebring het nie. Daar is, trouens, duidelike blyke daarvan dat die klem op die eerste dag van die week geval het waarop die dissipels elke keer vergader het.*



Wanneer hierdie Skrifgedeeltes gelees word, is dit opmerklik dat die eerste dag van die week die dag was waarop Christus saam met sy kerk wil vergader en dat Hy hulle aktief op daardie dag *byeenbring*. Dit is belangrik, want in die Ou Testament is die Sabbat die dag van samekoms. In werklikheid was al die Sabbatte in die Ou Testament heilige dae waarop die volk saamgekom het (Lev. 23:2). Trouens, elke byeenkoms was 'n Sabbat. Ons sien dus dat Christus self die Sondag as rusdag ingestel het: op daardie dag stort Hy sy Gees uit en vergader Hy sy Kerk. Dit is onmoontlik om die rusdag van die dag van samekoms te skei. *So word die eerste dag van die week (Jesus se opstandingsdag) die teken van Christus se voltooide werk van verlossing. En dus die dag waarop die Christene gewoonlik vir aanbidding saamgekom het.*

Ja, op elke Sabbat (Deut. 5:15) moes Israel daaraan dink dat hulle uit Egipte bevry is en op dieselfde wyse moet die gelowige dink aan Christus se voltooide bevryding. Aan die kruis roep Hy uit: "Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee" (Joh. 19:30). Die verandering van die rusdag dui nie op die afskaffing van die wet nie. Nee, dit wys op die Nuwe

Testament wat die fokus weg van die ou skepping laat val en so die nuwe skepping in Christus beklemtoon. Ons verwag nou die ewige Sabbat op die nuwe aarde wat daar sal wees as gevolg van *Christus se voltooide werk*. Ons dink nie meer terug aan 'n rus wat verlore gegaan het in Adam tydens die ou skepping nie, maar ons kyk nou vorentoe na die herstelde rus en na die ewige Sabbat van sy nuwe skepping.

Die Sondag word die teken van Christus se voltooide werk van verlossing. Ons kyk vorentoe na die herstelde rus en na die ewige Sabbat van sy nuwe skepping.

Dit word in Hebreërs 4 bevestig. Die apostel verduidelik *dat ons die rus van God ingaan deur die verlossing in Christus*. Deur Christus het ons deel aan God se rus (Gen. 2:2; Hebr. 2:2-4). Terselfdertyd bevat die evangelie ook die belofde rus (Hebr. 4:1). Israel het nie die rus geniet toe hulle Kanaän betree het nie (Hebr. 4:8). Dit was nog nie die volle vervulling van die belofte nie – "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne" (Hebr. 4:9). Ons gaan die rus nou deur die geloof in, maar sien vooruit na die hoogtepunt by die wederkoms van Christus. Dit is die groot dag wat ons verwag en waarna ons verlang. Die *verlore Paradys* sal dan die *herstelde Paradys* wees, 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon (2 Petr. 3:13). Elke Sabbat is dus beide 'n terugblik op Christus se voltooide verlossingswerk en 'n belofte van die ewige rus van die hiernamaals. Die oorspronklike Sabbat word nie *vervang* nie, maar *herstel* en die werk van Christus alleen word verheerlik. Daarom vier ons die Sondag met jubelende vreugde en diepe dankbaarheid. "Toe was hulle bly, omdat dit rustig geword het, en Hy het hulle gelei na die hawe van hul begeerte" (Ps. 107:30).

**Ds Flip Retief**, emeritus-predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:  
10 Februarie 2015

Artikels moet na volgende e-posadres gestuur word:  
kompas@vgk.org.za

# Mission Aviation Fellowship

## Sending en evangelisasie



Die MAF is 'n sendings-lugvaartorganisasie wat in 45 lande oor die hele wêreld vlieg. Die MAF is net na die 2<sup>de</sup> wêreldoorlog gestig deur 'n paar vlieëniers wat ook in die oorlog gevlieg het. Hulle wou daarmee “iets anders” bereik. In die Verenigde State van Amerika asook in Engeland is toe 'n organisasie opgerig wat ten doel gehad het om sendelinge in afgeleë gebiede te help, om meer mense met die evangelie te bereik deur met vliegtuigies te reis. Aanvanklik het die twee organisasies verskillende name gehad, maar later het altwee MAF geword, alhoewel die een in Nampa (Idaho) in die VS en die ander in Ashfort (Engeland) gevestig is. Hulle werk saam en probeer om dieselfde doel te bereik, elkeen op sy eie manier. In baie lande is 'n basis waarvandaan daagliks vlugte uitgevoer word. Daarlangs is 'n sogenaamde “disaster response” team, wat vlugte onderneem as 'n gebied deur 'n natuurramp getref word. Dink hierby aan Mosambiek, Haïti, Sumatra en verlede jaar die Filippyne.

Die MAF bied hier, buiten vlugte, ook logistieke ondersteuning vir verskillende organisasies. In Sumatra byvoorbeeld het die MAF na die tsoenami d.m.v. 'n satellietverbinding 'n soort internetkafee daargestel, waarvan al die aanwesige organisasies gebruik gemaak het. Die MAF is baie sterk in tegniese ondersteuning vir sending en hulpverlening.

Die Mission Aviation Fellowship het as doel om sendelinge in afgeleë gebiede te help, om meer mense met die evangelie te bereik deur met vliegtuigies te reis.

Lesotho gewerk vir MAF-VS. Om klinieke in die berge aan die gang te hou, het ons nou saamgewerk met die Ministerie van Volksgegesondheid. Mediese spoedgevalle, pasiënte, personeel en bevoorrading is aan- en afgevlieg. Ook het ons die sendelinge wat in die Malutiberge woon, op verskillende maniere ondersteun.



In 2012 het ons na Nairobi, Kenia vertrek, waar ons vir die MAF Kenia werk. Ons vlugte hier is in Suid-Soedan vir sendingsgroepe, Christelike hulpverlening en ook nou en dan humanitêre hulp.

In die 1950's was Suid-Soedan nog deel van die groot Soedan. In die suide was daar al baie sendingsaktiwiteite. Na intensiewe ondersoek is in Engeland besluit dat Soedan die eerste land in Afrika sal wees waar die MAF gaan vlieg. Die MAF was toe ook die enigste burgerlike organisasie wat uiteindelik toestemming gekry het om in die gebied werksaam te wees. Huise is gebou en landingsbane aangelê. Die pionierswerk kon begin. Met baie moeites het hulle geleer om veilig te “opereer” op afgeleë landingsbane. Ongelukkig moes in die jare '60 al die sendingsaktiwiteite vir 'n paar jaar stop. Vanuit die hoofstad Khartoem is al die visums vir sendelinge, inklusief die MAF, ingetrek en moes almal weg. Na 3 jaar van onrus mog die MAF weer terugkom, maar in die vroeë '70's was dit weer verby. Eers in die negentigerjare kon daar weer vanuit Kenia, waar 'n groot program opgebou is, na Suid-Soedan gevlieg word.

Ons, Christiaan en Marieke Haak, is al vanaf 2002 betroke by die MAF. Van 2003-2012 het ons in





In 2005, toe Suid-Soedan outonomie gekry het, kon daarna gekyk word om in die hoofstad Juba 'n basis te open. Eers in 2011 het Suid-Soedan, na dertig jaar van burgeroorlog, selfstandig geword.

In 1959 het die MAF in Kenia begin vlieg. Aanvanklik is die sendelinge van African Inland Mission (AIM) in hul werk ondersteun. Toe hulle 'n eie vliegorganisasie gekry het, het die MAF meer "regionaal" begin vlieg. Omdat almal vanuit Europa en Amerika na Nairobi kon vlieg, was dit maklik vir die MAF om vlugte na Tanzanië, Oeganda en die DRC te maak. Hieruit het uiteindelik selfstandige programme in Tanzanië en Oeganda ontstaan. Vanuit Kenia is ook 'n selfstandige program in Suid-Soedan opgebou. Ons het 'n "compound" in Juba, waar 'n aantal gesinne woon. Helaas is die land, na die onluste in Desember 2013, glad nie stabiel nie. Daar is orals onluste, om verskillende redes. Grotendeels het dit te doen met die rebelle, maar ook is daar al hoe meer ongenoë omdat byvoorbeeld salarisse nie uitbetaal kan word nie. Hierdeur staan die land op die rand van 'n hongersnood en doen die internasionale gemeenskap alles in hul vermoë om dit te voorkom. Die World Food Program (WFP) het hier sy grootste voedselprogram. Elke dag word daar orals in die land vanuit groot Antonov Ilyushin 76-vliegtuie voedsel neergelaat om die hongersnood te bekamp. Daar is miljoene mense uit hul huise verdryf, wat al maande in vlugtelingkampe woon of na die buiteland gevlug het. Veral Ethiopië, Kenia en Oeganda het baie vlugteling opgevang.



Dit is skrynend om te sien dat 'n land, wat bekend staan as die Christelike suide van Soedan, en wat jare geveg het om die Islam en die onderdrukking van die noorde af te skud, tog nie daarin kon slaag om 'n land van vrede te word nie. Onderlinge haat en afguns is groot. Rebelle, wat eers eensgesind die vyand uit die noorde bestry het, leef nou onderling in onvrede. Dis duidelik dat die land na jare van onderdrukking en min "skoling" nie geleer het om te vergewe nie. Hulle kan net nie vergewe en vergeet nie. Hier lê 'n groot taak vir evangelieverkondiging, want alleen deur die geloof kan mense verstaan hoe vergewing verkry en gegee kan word.

Hier lê 'n groot taak vir evangelieverkondiging, want alleen deur die geloof kan mense verstaan hoe vergewing verkry en gegee kan word.

Net soos by die meeste sendingsorganisasies, kan die werk van die MAF alleen gedoen word deur ondersteuning in die gebed asook finansiële. Ons stuur viermaal per jaar 'n nuusbrief uit wat u op ons webtuiste kan lees. Ander inligting om betrokke te bly, kan u vind op *facebook* en op ons webtuiste.

**Christiaan en Marieke Haak**, werksaam by die MAF in Kenia

# Die voorspoed-evangelie

## Sending en evangelisasie



Wat is die voorspoed-evangelie?

Die voorspoed-evangelie staan ook bekend as die welvaartsbeweging, die Woord-geloofbeweging en die noem-dit-en-eis-dit-beweging. Die voorspoed-evangelie is 'n beweging wat in die VSA ontstaan het en van daar af na Afrika ingevoer is, waar dit tans baie skadelike gevolge het. Beroemde voorstanders van hierdie leer is Joel Osteen, Kenneth Copeland, Joyce Meyer, Benny Hin, Kenneth Hagin, Creflo Dollar en Paula White.

Die doel van hierdie artikel is om te kyk na wat hierdie evangelie wil leer en wat die Bybel daarvoor sê.

Wat leer die voorspoed-evangelie?

Die kern van die voorspoed-evangelie is dat God wil hê dat sy kinders ryk en gelukkig moet wees. Volgens hierdie evangelie wil God aan sy kinders stoflike welvaart skenk in hierdie lewe, nie slegs in die hiernamaals nie. Dit kan gesien word aan die verkondigers van hierdie evangelie wat welvarend is en 'n lewende getuigenis vir hulle navolgers is. Die voorspoed-evangelie leer dat God wil hê dat sy kinders stoflike seëninge moet ervaar, soos om baie geld te hê, om gesond te wees en in weelde te lewe.

Volgens hierdie evangelie wil God aan sy kinders stoflike welvaart skenk in hierdie lewe, nie slegs in die hiernamaals nie. Ons moet God bid vir welvaart.

Die voorspoed-evangelie leer ook dat God wil hê dat sy kinders tot Hom moet bid vir welvaart of voorspoed. Een van die verkondigers van die voorspoed-evangelie, Joel Osteen, sê dat dit God se plan is dat almal welvarend moet wees. Hy haal aan uit Jeremia 29: 11: "Want Ek weet watter gedagtes Ek

aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee." Die voorspoed-evangelie beweer dat dit nie God se bedoeling is dat 'n mens arm moet wees nie.



Die voorspoed-evangelie sê ook dat woorde en gedagtes krag het. Hierdie leerstelling is gebaseer op Romeine 10:8: "Naby jou

is die woord, in jou mond en in jou hart." Volgens hierdie leerstelling kan jy, wanneer jy bid, eenvoudig vir God noem wat jy wil hê en dit van Hom eis. Die voorspoed-evangelie beweer dat die krag van gebed in die woorde self lê. Wanneer jy herhaaldelik jou stoflike behoeftes teenoor God uitspreek, sal Hy geen ander keuse hê as om dit vir jou te skenk nie. Die voorspoed-evangelie begrond hierdie leerstelling omtrent gebed uit die Skrif met gedeeltes soos Jona 14: 4, Jakobus 4: 2 en 1 Kronieke 4: 9-10.

Die voorspoed-evangelie beweer ook dat God wil hê dat sy kinders moet gee sodat Hy hulle nog meer kan seën. Daarmee word bedoel dat jy vir God moet gee en verwag dat Hy jou nog meer sal seën. Hulle begrond hierdie stelling vanuit die Skrif met gedeeltes soos Spreuke 3: 9-10, Galasiërs 3: 14, Maleagi 3: 10 en 2 Korinthiërs 8-9.

Wat sê die Bybel oor die voorspoed-evangelie?

In Matteüs 16: 26 sê Jesus: "Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" Daardie gedagte kan toegepas word op diegene wat hulself daaraan toewy om geld na te jaag en alles wat dit kan koop. Die Bybel waarsku ons teen die strewe na rykdom. Wat die voorspoed-evangelie aan 'n mens doen, is om sy gierigheid en hoogmoed aan te wakker. Die Bybel waarsku ons uitdruklik teen hierdie sondes. In Spreuke 16: 18 lees ons: "Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val." Om te veel aan jou eie welvaart te dink, sal eerder op mislukking as op sukses uitloop.

Wat die voorspoed-evangelie aan 'n mens doen, is om sy gierigheid en hoogmoed aan te wakker. Die Bybel waarsku ons uitdruklik teen hierdie sondes.

As ons oplet na wat die Skrif ons onderrig, merk ons dat die leer van die voorspoed-evangelie teen Christelike beginsels indruis. In 1 Timotheüs 6: 9 sê Paulus: "Maar die wat ryk wil word, val in die versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang."

In Lukas 12: 15 sê Jesus: "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie." Ons kan hieruit leer dat ons vir onself meer waardevolle doelwitte moet stel as om baie rykdom en besittings te hê. Ons doel as Christene is om ryk te wees in God.

Ons doel as Christene is om ryk te wees in God.

Die voorspoed-evangelie wat 'n mens leer om rykdom na te jaag, waarborg nie bevrediging nie. In werklikheid is dit geneig om die teenoorgestelde tot gevolg te hê. Prediker 5: 9 sê: "Hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie." Baie mense wat rykdom najaag, is meer geneig om angstig en depressief te wees as mense wat 'n lewe met God nastreef.

Die leerstellings van die voorspoed-evangelie versuim om Bybelverse in konteks te gebruik. As 'n mens na die gebruik van Bybeltekste kyk, is dit duidelik dat die verse buite konteks gebruik word. Kom ons kyk na 'n paar verse wat gebruik word om hierdie leerstellings te ondersteun.

Die leerstellings van die voorspoed-evangelie versuim om Bybelverse in konteks te gebruik.

Eerstens is daar die stelling in Deuteronomium 28: 8 omtrent die seën van God: "Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee." Volgens die siening van die voorspoed-evangelie is dit duidelik dat hierdie teks welvaart aan God se kinders belowe. Hierdie seëninge verwys na stoflike seëninge wat individueel ontvang, redeneer hulle.

Maar by nadere beskouing kan 'n mens sien dat die teks praat van die verbond tussen God en sy mense. Hierdie seëninge is vir die hele volk bedoel. Uiteindeelik kom hierdie seëninge as 'n gevolg op die mens se gehoorsaamheid aan God se wette.

In die Nuwe Verbond lewe ons deur Christus uit geloof en voorsien God in al ons behoeftes.

Die voorspoed-evangelie beweer ook dat God wil hê dat al sy kinders ryk moet wees. Deuteronomium 15: 4-6 word gebruik om te bewys dat die Bybel leer dat daar geen arme mense onder die volk moet wees nie. Daar word beweer dat God nie wil hê dat Christene arm moet wees nie. Arm Christene is die gevolg van ongeloof. Hierdie bewering is onwaar.

As ons weer eens die konteks van die teks noukeurig bekyk, sien ons dat dit tot die hele volk gerig is, nie aan enkelinge nie. Die verse wat daarop volg, vanaf vers 7, beveel die hele volk om na die armes binne die gemeenskap van gelowiges om te sien. God laat toe dat daar armoede onder sy volk is, sodat dié wat nie behoeftig is nie, kan sorg vir die behoeftiges. As gelowiges word ons opgeroep om die armes in die kerk en in die gemeenskap te help.

Die voorspoed-evangelie beweer ook dat wanneer 'n mens bid, 'n mens jou behoefte moet noem en dit van God eis.

Die voorspoed-evangelie beweer ook dat wanneer 'n mens bid, 'n mens jou behoefte moet noem en dit van God eis. Dit is die verkeerde siening van gebed. Volgens die voorspoed-evangelie staan daar in Mattheüs 7: 7-11 dat, wanneer ons iets van God vra, Hy dit sonder huiwering vir ons sal gee. Volgens die voorspoed-evangelie staan daar in Jona 14:14 dat ons in die naam van Christus vir enigiets kan vra. Dus kan jy, volgens die voorspoed-evangelie, in Christus se naam jou begeertes noem en eis en dit sal aan jou gegee word. Hierdie leerstelling verdraai die ware betekenis van gebed.



Die Bybel moedig ons aan om te bid in ooreenstemming met die wil van God (Matt. 6:10). In die konteks van Mattheüs 7: 7-11



lees ons dat Jesus sê ons mag vir goeie gawes vra. Jesus gebruik die voorbeeld van 'n vader wat goeie gawes aan sy kind gee as hy hom daarvoor vra. God die Vader ken ons geestelike, emosionele en stoflike behoeftes. Gebed in ooreenstemming met die wil van God beteken om te vra wat God in ons lewens wil hê. Volgens Catherine Marshall is "die doel van alle gebede om God se wil te ontdek en daardie wil ons gebed te maak."

Laastens leer die voorspoed-teologie 'n mens dat jy moet gee om ryker te kan word. Dit is 'n gevaarlike leerstelling wat baie mense hier in Afrika benadeel. Die voorspoed-teologie sê: as jy vir die Here gee, sal God jou beloon en jou ryk maak. Jesus het vir jou gesterf sodat jy nie siek of arm hoef te wees nie.

Hier sien ons weer dat die voorspoed-teologie 'n verkeerde opvatting van gee het. Die bekende teks wat gebruik word as bewys vir die leerstelling omtrent barmhartigheid is Maleagi 3:10: "Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie."

### Die Here se belofte is gebaseer op die volk se gehoorsaamheid aan sy wette.

Die konteks van hierdie teks is dat God sy volk oproep om hulle verbond met Hom te vernuwe. Die volk het nagelaat om hulle tiendes aan God te offer. Die Here se belofte is gebaseer op die volk se gehoorsaamheid aan sy wette.

Hierdie teks dien nie as bewys vir die voorspoed-evangelie se lering dat 'n mens ryk sal word deur geld vir die kerk te gee nie.

Die tweede teks wat gebruik word om die leerstelling omtrent barmhartigheid te steun, is 2 Korinthiërs 8: 9: "Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word." Weer hou die konteks hier met barmhartigheid verband. Die teks verwys hier na die

versoening van Jesus Christus. Hier word na geestelike rykdom verwys. Christus het vir ons gesterf sodat ons geestelik ryk mag wees.

'n Mens behoort uit dankbaarheid te gee, nie omdat jy meer wil hê nie.

Die Bybel leer ons om te gee omdat ons dankbaar is vir dit wat ons deur die genade van God deur Christus ontvang het. 'n Mens behoort uit dankbaarheid te gee, nie omdat jy meer wil hê nie.

Wat sal ons dan sê oor die voorspoed-evangelie? Hierdie evangelie is vals. Dit handel nie oor die boodskap van God se genade deur Jesus Christus nie. Daarom is dit wat hierdie evangelie beweert, vals. Hierdie leer maak nie gebruik van die konteks van die Skrif nie. Hierdie leer hou mense eintlik in armoede.

Die voorspoed-evangelie handel nie oor die boodskap van God se genade nie.

In Filippense 4: 19 lees ons: "En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus."

Wanneer jy aan God gee, onthou dat jy nie gee om die predikant of ander gemeentelede te beïndruk of om meer te kry nie. Ons gee omdat dit deel is van ons aanbidding.

Ons gee omdat dit deel is van ons aanbidding.

Jy kan slegs mildelik gee as jy jou vreugde en geluk in Jesus Christus vind.

1 Timotheüs 6: 6-8: "Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees."

**Phineas Kgatle**, sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata (vertaal deur Lize Kampman, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria)

# Werk om te doen in 2015

## In Pers-pektief

Ons leef inmiddels in Anno Domini (die jaar van ons Here) 2015. Die jaar 2014 is afgesluit en politici en ekonome het weer in die openbaar, soos by elke jaarwisseling, die balans opgemaak. Almal stem saam dat daar in die nuwe jaar nog baie ruimte is vir verbetering ten opsigte van die prestasies wat gelewer is in die afgelope jaar en dat aan verbeterings gewerk sal (moet) word. Dit is goed om te hoor. Maar sal ons teen die einde van hierdie jaar maar nie weer dieselfde stories hoor nie? Dit laat 'n mens dink aan die gevolgtrekking van Prediker: "Daar is glad niks nuuts onder die son nie" (Pred. 1:9-11).

Sien ons in ons lewe verbetering in elke nuwe lewensjaar?

Maar wat van onself? Sien ons in ons lewe verbetering in elke nuwe lewensjaar? Of berus ons maar by die situasie soos wat dit stadigaan in ons lewe ontwikkel het, met sy beperkings, tekortkomings en swakhede? En wat van die kerk? Kan ons vordering sien in ons kerklike lewe? Is ons op pad iewers heen? Is ons gerig op 'n doel of is kerklike doelstellings buite ons beheer en wag ons maar berustend op Christus se wederkoms? Laat ons maar in 2015 "God se water oor God se akker loop"?

### Die "Onse Vader"-gebed

Dit is nuttig om oor hierdie soort vrae na te dink aan die hand van die gebed wat die Here Jesus aan sy dissipels en ook aan ons geleer het. Dit is opgeteken deur Mattheüs en Lukas (Matt. 6:9-13, Luk. 11:2-4). Die Heidelbergse Kategismus deel hierdie gebed op in ses bedes (HK, Sondae 47-52). Hierdie ses bedes is nie maar net versoeke aan God of vroom wense nie, maar sluit elkeen ons eie aksies in. Dit sal sonder meer duidelik wees by die vierde bede: "Gee ons vandag ons daaglikse brood". Ons kan nie net sit en wag tot God vir ons elke dag ons kos gee nie, ons moet daarvoor werk as God ons die moontlikhede daarvoor gee (sien ook Paulus se uitspraak: "wie nie wil werk nie, moet ook nie eet nie" – 2 Tess. 3:10). Baie van ons daaglikse inspanning is selfs gerig op die vervulling van hierdie bede om ons "daaglikse brood", ons lewensonderhoud.



### Doelgerig in ons eie lewe

Ons lewe as Christene kan dus nie maar rustig voortkoppel nie. Dit vra gerigte inspanning in die wedloop na die einde. Ons lewe moet al meer geheilig word, groei in die voetspore van Christus. In die besonder by 'n jaarwisseling kan ons die balans opmaak. Is ons in ons lewe besig om doelgerig te werk aan verbetering daarvan, om dit meer in lyn te bring met God se wil, om in Christus se voetspore te volg? Kan ons (vir onself) vordering aanwys oor die afgelope 365 dae van 2014 en daarop verder bou in hierdie nuwe jaar?

Christene moet op die pad na lewensheiliging vordering maak.

In sy briewe aan verskeie gemeentes noem Paulus steeds nadruklik die vordering wat Christene moet maak op die pad na lewensheiliging. Ons moet ons lewe al hoe meer laat lei deur die Heilige Gees. Lees gerus weer die oproepe in Romeine 8:1-13, 1 Korintiërs 13, Galasiërs 15:16-26, Efesiërs 4:23-5:20, Filippense 1:27-2:5, Kolossense 3:5-17 en 1 Thesalonicense 4:1-14. Daar is vir elke gelowige baie aanwysings om te ontdek waar sy/haar swakhede lê en om duidelike en gerigte voornemens te maak om verder te werk op die pad van verdere lewensheiliging.

As Petrus skryf oor die verwagting van die wederkoms van die Here (1 Petr. 3), dan gebruik hy (werk)woorde soos: heilige wandel en godsvrug vertoon, sy koms verwag en verhaas, beywer om onbepelikelik te wees, op ons hoede wees, en toeneem in genade en kennis van onse Here en Saligmaker. Kan ons hierdie inspannings en groei in genade in ons lewe herken? As dit nog nie so sterk uitgekome het in ons lewe in 2014 nie, dan is dit dalk 'n goeie geleentheid om in 2015 doelgerig aan verbetering te werk, met voortdurende gebed om God se hulp daarby (en die skrywer sluit homself nadruklik hierby in). Daarby het elke lewensfase sy eie uitdagings.

### **Doelgerig in ons gemeentelike lewe**

Wat geld vir ons persoonlike lewe as gelowige, behoort ook te geld vir ons lewe as gemeenskap van gelowiges, die kerk. Ook in ons kerklike lewe behoort ons doelgerig te werk aan verbetering van ons roeping om 'n lig op 'n kandelaar en 'n stad op 'n berg te wees. Kan ons vasstel dat ons kerklik gevorder het in 2014? Daar was 'n hele aantal kerklike aktiwiteite, maar was dit gerig op die sake wat werklik belangrik is?

In ons kerklike lewe behoort ons doelgerig te werk aan verbetering van ons roeping om 'n lig op 'n kandelaar en 'n stad op 'n berg te wees.

Die belangrikste taak vir 'n kerk is om die evangelie uit te dra. Met die sterk finansiële ondersteuning uit Nederland kon die sendingwerk voortgaan, al was dit vir die betrokkenes nie sonder moeites nie. Elke Sondag is eredienste gehou waar die evangelie verkondig is vir almal wat dit wil hoor. Maar het ons as kerke ons lig voldoende laat skyn/uitstraal in die samelewing waarin ons verkeer? Is ons gebrek aan groei in die gevestigde kerke dalk te wyte aan ons eie slapheid, of los ons evangelieverkondiging maar vir die sendelinge? Is die gelowiges toegerus om die evangelie uit te dra na die mense in hul persoonlike werkkring en lewensfeer? Vir watter sake is ons gemeentelike energie hoofsaaklik gebruik?

Baie kerkrade begin elke jaar met 'n beraad. Maar dit sou jammer wees as so 'n beraad slegs beperk word tot praktiese pastorale of bestuurlike sake, oor 'hoe' dinge gedoen moet word. Juis op hierdie soort berade sou daar besinning moet wees oor die doel en rigting waarin die kerk/gemeente moet beweeg, en eers daarna oor die 'hoe' en die 'wie' om dit te reali-

seer. Dan is dit seker ook goed om die gemeente in te lig en te betrek by die resultate van so 'n beraad.

### **Doelgerig in ons kerkverbandelike lewe**

Klassisvergaderings en 'n sinode van ons kerkverband het ook weer plaasgevind. Is daar besin oor die groter vraagstukke van ons klein kerkverband? Allerlei sinode-kommissies het verslag uitgebring en nuwes is weer benoem. Maar wil ons as kerkverband oor sê maar 10 of 20 jaar nog steeds wees waar ons nou is? Is ons kerkverband, wat primêr daar is om plaaslike kerke beter te kan laat funksioneer, voldoende lewensvatbaar en is daar voldoende regverdiging om apart te bly staan? En as ons ons plek en funksionering as kerkverband anders sou wou sien, is ons dan besig om daarnatoe te werk?

Hoe sien ons die kerkverband oor sê maar 10 of 20 jaar?

'n Versigtige begin op hierdie pad is gemaak deur die deputaatskap vir volhoubaarheid, wat ook gaan nadink het oor die selfstandigheid van kerke in 'n kerkverband. Maar omdat hul opdrag primêr finansiël gerig was, het die resultate van hul werk eerder te doen met die "hoe" as met die "wat" van ons kerkverbandelike lewe. Maar die 'wat'-vrae, ons visie oor waar ons sou wou wees as kerkverband, is belangrik vir volhoubaarheid en behoort vooraf te gaan aan die 'hoe'-vrae.

Die sinode het besluit dat daar tussen sinodes 'n beraad ('Indaba') van al die kerke en deputaatskappe gehou moet word (die eerste DV teen die einde van 2015). Die doelstellings van die Indabas is om moontlike onderlinge misverstande te voorkom of op te los, om die onderskeie deputaatskappe te help om hulle werk meer akkuraat te kan doen en om die samewerking tussen deputaatskappe en die kerke te bevorder. Tydens so 'n beraad sal dan ook weer gekyk word na finansiële volhoubaarheid. Dit sou egter goed wees as ook tyd ingeruim word vir 'n gesprek oor waarnatoe ons as kerkverband wil beweeg. Met 'n duidelike visie op ons kerkverband sal ook moontlike oplossings vir knelpunte wat ons ondervind, in 'n beter perspektief kom.

Die GKSA het om ander redes ook besin oor die volhoubaarheid van hulle kerkverband en die hartklop van die kerke self. Hierdie besinning moet lei tot wat hulle noem 'n 'omkeerstrategie' en hul deputate het vir die GKSA-sinode van Januarie 2015 aan-



bevelings daarvoor gemaak. Die resultate van die besprekings en besluite hieroor op die GKSA-sinode was op die tyd van skrywe van hierdie artikel nog nie beskikbaar nie. Maar dit sal vir ons kerke baie nuttig en leersaam wees om kennis te neem van die rigting waarin die GKSA wil gaan, asook oor die pad wat hulle wil gaan na die beplande doel.

In die stryd teen geloofsafval, ongeloof en ander religies is dit goed as gelowiges soveel as moontlik saamstaan en saamwerk.

In die stryd teen geloofsafval, ongeloof en ander religies is dit goed as gelowiges soveel as moontlik saamstaan en saamwerk. Vroeër is daar wel gesê deur gereformeerdes: “in die isolement lê ons krag”, maar dit was dalk so in die tyd van Abraham Kuyper en sy miljoen “kleine luyden”. In ons tyd en omstandighede in Suid-Afrika moet ons ons krag sekerlik ook soek in samewerking met ander gelowiges en die Here se seën daarvoor afbid.



Daar is dus baie werk om te doen in die nuwe jaar. In die eerste plek in ons eie lewe as gelowige, maar dan ook in ons plaaslike gemeenskap van gelowiges en, vir die ampsdraers wat daartoe

geroep is, ook op kerkverbandelike vlak. Hierdie baie werk vra baie gebed. Mag die Here ons gebede verhoor en ons 'n goeie nuwe jaar gee, met veel genade, heil en seën.

**Hans Moes**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad



GOEIE NUUS UIT DIE  
OU TESTAMENT

BETER NUUS UIT DIE  
NUWE TESTAMENT

Jasper Klapwijk

### **Ds. Jasper Klapwijk**

is sedert September 2012 predikant van die Lchtuskerk in Den Haag. Die eerste 15 jaar van sy domineeskap was hy sendeling op Curaçao, werksaam as predikant van die Iglesia Reformá (Gereformeerde kerk) van Curaçao. In 2003 keer die gesin terug na Nederland en hy word

predikant in die Groningse dorp Winsum.

Sy kommentaar: “Dit is verskillende werkplekke, maar my passie is nog steeds dieselfde. Niks is mooier as om mense in Den Haag te laat sien wat God se bedoeling met dié stad en hierdie wêreld is.”  
Nou saam in een boek:

### **Goeie nuus uit die Ou Testament**

Hierdie boek wil die leser help om die Ou Testament met meer begrip te lees en oog te kry vir die groot lyn in die Bybel, van skepping na herskepping. By elke hoofstuk is daar 'n Bybelleesrooster wat gevolg kan word. Hierdie boekie wil 'n ondersteuning wees by die lees van die Bybel. Daar is ook besprekingsvrae by elke hoofstuk.

### **Beter nuus uit die Nuwe Testament**

'n Vervolg op “Goeie nuus uit die Ou Testament”. Die skrywer wil met die term “Beter” nie aandui dat die Ou Testament gediskwalifiseer is nie. Jesus het gekom om die Skrifte van die Ou Testament te vervul. Die Ou Testament is soos 'n blomknop wat in die nuwe Testament begin blom. Die blomknop is goed en onmisbaar, maar die blom self baie beter.

Dit is beskikbaar by Louise Ros.

Tel. 012 332 0127 Die prys is R165.

## Vakature: Uitvoerende Hoof

Aros, 'n Christelike (reformatoriese) geregistreerde private hoërondewysinstelling, het 'n vakature vir die Uitvoerende Hoof, beskikbaar.

*Aros is 'n reformatoriese private tersiêre instelling met sy kampus in Waverley, Pretoria, 'n personeel van meer as 60 en om en by 800 studente. Projeksies dui daarop dat die afgelope jare se groei onverpoosd sal voortgaan. Aros bied die statutêr-geakkrediteerde BEd-graad (Grondslagfase) aan en vanaf 2016 DV ook ander kwalifikasies.*

### Hierdie posisie vereis 'n persoon wat aan die volgende kriteria voldoen:

- Gereformeerd in hart en siel, leer en lewe.
- Goeie insig en kundigheid op die gebied van gereformeerde onderwys en gereformeerde wetenskap op tersiêre vlak.
- Akademies oor toepaslike kwalifikasies beskik.
- Bewese vermoëns en ervaring op die gebied tersiêre onderrig en tersiêre bestuur.
- Vermoë om leiding te gee aan en saam te werk met 'n ervare bestuurspan.
- Ondernemingsgees en innoverende denke om Aros verder uit te bou.
- Goeie kommunikasievaardighede.
- Mens- en taakgerig en gretig om Aros se personeel (en studente) te motiveer om gereformeerde onderwys te bevorder en Aros verder te ontwikkel.

### Aros bied:

- 'n Roepingsgedrewe uitdaging om gereformeerde onderwys te bevorder, aan te gryp
- Geleentheid om 'n gevestigde en dinamiese organisasie met 'n geselekteerde en besielde personeel op grond van Bybelse beginsels verder uit te bou.
- Onderhandelbare vergoedingspakket.
- 'n Aangename Christelike omgewing.

Aansoeke moet die voorsitter, dr Gerard Hagg of die waarnemende uitvoerende hoof, mnr Niclaas Roets ([niclaas.roets@aros.ac.za](mailto:niclaas.roets@aros.ac.za)) voor 3 Maart 2015 bereik. Vir verdere inligting, skakel mnr Roets by 012 332 3227 of 082 449 2414). Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum enige terugvoer van Aros ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.



## Alles, alles is genade<sup>1</sup>

Alles, alles is genade,  
onverdiende guns alleen.  
Die verlossing uit die kwade  
kan net U, o God, verleen.  
U het ons reeds lank tevore  
as u eiendom beskou;  
ons in Christus vasgehou.  
In Hom is ons uitverkore.  
Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.

Christus kom deur u ontferming,  
deur Hom reik U ons die hand.  
U neem sondaars in beskerming –  
liefde ver bo ons verstand!  
Christus red ons deur sy dade;  
Hy laat ons u liefde sien -  
liefde wat ons nooit verdien.  
Hy herskep ons uit genade.  
Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.

Ons ontvang u Gees as gawe.  
Wie kon ooit die wonder peil?  
Skuldiges en sondeslawe  
word verseker van u heil.  
Heer, u Gees beseël die waarheid  
dat ons nou u kinders is -  
ons verlossing is gewis.  
Deur u Gees borg u ons vryheid.  
Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.

Aan die einde van my lewe  
sal u liefde my omvou.  
Waar my moed my wil begewe,  
dra U my steeds in u trou.  
In my doodsangs en beklemming  
sien ek Christus aan die kruis,  
reik ek na die Vaderhuis –  
dis ons ewige bestemming.  
Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.

Hierdie lied is in 1806 in Nederlands gedig deur Jan Scharp en in 1931 deur G.B.A.Gerdener in Afrikaans vertaal. Dit is 'n pragtige loflied op God se onverdiende genade. Elke strofe eindig in 'n klimaks van roemtaal op God se onbegryplike genade in Christus Jesus.

Daar is te veel Bybeltekste om op te noem wat in hierdie lied resoneer. Die belangrikste tekste is: Efesiërs 1:4-6 (die genadige uitverkiesing van ewigheid in Christus Jesus); Kolossense 3:3 (die beskerming wat ons in Christus het); 2 Korinthiërs 5:17 (in Christus is ons 'n nuwe skepping); Romeine 8:14-15 (die Gees van Christus oortuig ons dat ons kinders van God is); Romeine 8:38-39 (niks sal my van Christus skei nie); Johannes 14:2 (my bestemming is die Vaderhuis).

(Voetnoot)

1 Lied 244, Liedboek van die kerk, eerste uitgawe, 2002



## Katryn – Vrou van die Richtersveld



*Ek sal ook nie stry dat ek vir Koos Klink met die mes gejaag het nie en dat ek nou skuldig hier sou gestaan het as ek hom net kon bykom. Maar, u Edele, so voor die lieue Here wat nou na my kyk, ek het hom nie gesteeek nie....*

Dit is 1959 en Katryn Jonis, 'n ongeletterde Nama-vrou uit die Richtersveld, staan

tereg op moord. Haar buurman en aartsvyand, Abraham Klink, se seun is die slagoffer. Daar is geen getuienes nie en dit lyk asof dit net sy kon gewees het. Selfs haar advokaat wil haar nie glo nie en daarom besluit Katryn om haar verdediging in eie hande te neem.

### Postuum

Die storie van Katryn Jonis word pragtig vertel deur Jan Huisamen – 'n boorling van die Richtersveld. Die boek *Katryn - Vrou van die Richtersveld* is in 2012 uitgegee, 'n jaar na die skrywer se dood. Alhoewel die skrywer self miskien nie genoeg vertroue in die boek gehad het om dit te publiseer nie, is die boek goed ontvang. Dit is verwerk tot 'n hoorspel wat hierdie jaar deur RSG uitgesaai is. Die boek is ook in Nederlands vertaal met die titel: *Kijk me in de ogen*.

“Ek het net my tong om mee te baklei en op my tong kom sit jy jou voet.”

### Storielyn

Katryn is 'n hardwerkende vrou met 'n baie sterk karakter. Sy en haar man het hard gewerk en kon op die ou end hul eie plasie besit. Alles het voor die wind gegaan, totdat Abraham Klink langs hulle kom intrek en hulle op alle moontlike maniere probeer dwarsboom het. En dan gebeur die verskriklike – Abraham Klink se seun word met 'n mes in sy lyf gevind en alle leidrade wys in die rigting van Katryn.

Katryn behartig self haar verdediging in die hof. Nie dat haar taal altyd gepas is in die hof nie, en sy word ook deur die regter herhaaldelik daarop gewys. Sy antwoord oor haar taalgebruik:

*Dis gewone woorde wat ons uit die natuur om ons uithaal en in ons taal insit. Nou kom vat jy my taal uit my mond uit en jy knoop my hande agter my rug solat ek nie die dood van my lyf af kan weg hou nie.*

### Namakwalandse Afrikaans

Die manier waarop Katryn praat is, een van die sterk kante van die boek. Pragtige beeldende woorde uit Namakwalandse Afrikaans word gebruik:

- *agterdeursuiper* vir 'n agterbakse mens,
- *douspoor* vir vroegoggend,
- *thaukind* vir 'n laatlam en
- *winkelbakkies* vir 'n skynheilige gesig.

Haar manier van uitdruk is dikwels kru, maar baie beskrywend: *Kind maak by my dogter maak hom glad nie my skoonseun nie... hy sal eers moet kop afsny en oor my dooi lyf klim voordat hy met my dogter kan trou*. Die manier waarop sy mense beskryf, is baie raak en vol humor. *Hier kom loop jy in die Kaap soos 'n blouaap wat met sy gat in 'n paintblik geval het ...*, sê sy vir Doempies nadat hy opgetof en met nuwe klere in die hof verskyn het.



### Rasseverhoudings

Katryn het 'n blanke oupa gehad. Hy het na die Richtersveld gekom en 'n plaaslike Nama-vrou ontvoer om sy vrou te word. Hy het nooit met haar ge-

trou nie en Katryn se pa is uit die verbintenis gebore. Toe die Nama-vrou oorlede is, het haar oupa met 'n blanke vrou getrou. Sy gekleurde nageslag was vir hom 'n verleentheid. Hy het sy wit kinders voorgetrek en Katryn was eintlik 'n herinnering aan sy minder respektable verlede. Die gebeurtenis knak Katryn se vertroue in witmense in die algemeen. Sy is ook

skepties of die wit regter haar wel 'n eerlike verhoor wil gee.

Katryn se deurdringende blou oë ontsenu die regter en laat hom dink aan dié van sy eie ma. Hy laat ondersoek instel en dit blyk dat hy en Katryn eintlik verwant is. Dit onderstreep maar weer die kompleksiteit van die rasseverhoudings in Suid-Afrika. Dit relatiewe ook die meerderwaardigheidsgevoel van die blanke regter teenoor die kleurlingvrou.

Die Richtersveld is 'n gebied waar baie diamante gevind word. In die boek kom ook die vraag aan die orde of dit wel reg is dat die Nama-volk wat oorspronklik in die gebied gebly het, geen reg het op die grond en ook nie op die diamante wat uitgehaal word nie.

### Godsdienstigheid

Katryn is 'n gelowige vrou en in haar nood soek sy troos by God. Aan die ander kant dink sy dat sy die Here se guns kan verdien deur goeie dae, kerkbywoning en bydraes aan die kerk. Sy worstel dan met die vraag hoekom die Here haar dan nou so beproef of miskien straf. Sy is ook meedoënloos in haar oordeel oor ander mense en duld geen teëstand nie.

Katryn vermeng haar Christelike geloof met die tradisionele Nama-geloof.

Katryn haat Abram Klink met 'n verterende haat. Tog gaan sy deur 'n proses en kry sy dit op die ou end reg om hom te vergewe:

*Dan tref dit haar soos 'n bliksemstraal: die Onse Vader wat hulle so baie saam met eerwaarde Schmidt in die kerk op Kuboes gebid het. 'Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe...'*

Katryn vermeng haar Christelike geloof met die tradisionele Nama-geloof. Katryn is naamlik 'n oprater. In die Nama-tradisie is 'n oprater 'n vrou wat deur Elotsê (die Opperwese) die vermoë gegee is om mense en veral kinders wat terminaal is of pas gesterf het, weer gesond te praat. So 'n persoon het ook 'n buitengewone vermoë gehad om mense en hul motiewe te peil. Vir Katryn gaan hierdie bygeloof hand aan hand met haar Christelike geloof.

### Hoorspel

Johan Botha het die storie tot 'n hoorspel verwerk. Die boek het slegs 185 bladsye en hy moes dit verwerk tot 40 episodes. Gevolglik het hy dele van die ongepubliseerde manuskrip bygewerk en die storie self uitgebrei. Dit is knap gedaan en die hoorspel is amper nog mooier as die boek. Karakters wat in die boek oppervlakkig bly, word in die hoorspel

verder uitgewerk. So kry 'n mens 'n beter begrip vir regter De Doorn en die rede waarom Katryn hom so intimideer. Ook is die einde by die hoorspel minder vergesog en word die dae van die karakters beter gemotiveer. Dit is egter jammer dat in die hoorspel Katryn nie eksplisiet vir Abraham vergewe nie. Wat die boek juis so mooi maak, is die krag van vergewing wat daarin na vore kom, alhoewel dit miskien 'n bietjie haastig beskryf word.

Die hoorspel is amper nog mooier as die boek. Karakters wat in die boek oppervlakkig bly, word in die hoorspel verder uitgewerk.

Die hele Nama-voorgeskiedenis word ook verder in die hoorspel vertel. Saam met toepaslike bygeluide skep dit 'n atmosfeer waarin die hoorder homself kan inleef. June van Merch vertolk die karakter van Katryn meesterlik. 'n Mens kan nie help om aan die karakter Fiela van Dalene Matthee te dink nie.



### Outeur

Die skrywer Jan Huisamen (1925 -2011) het in die Richtersveld grootgeword, waar sy pa 'n skooltjie op die plaas Grootderm begin het. Hy ken die omgewing, gewoontes en taal van die Richtersveld waaroor hy skryf, dus van binne-uit. In hoeverre die karakters in

die boek en die storie op ware feite of persone berus, staan volgens sy seun nie vas nie. Interessant dat daar in die boek ook na mnr Huisamen, die skrywer se pa, verwys word:

*Mister Huisamen het nie die skool hier gekom begin vir hotnoskinders nie. Wat sal van die witkinders raak as die hotnoskinders met hulle stinklywe op die skoolbanke tussen hulle begin indruk, het Katryn se oupa vir haar gesê toe sy hom gesmeek het of sy ook skool toe mag gaan.*

Die skrywer, Jan Huisamen, het self ook 'n onderwyser geword en het op verskillende plekke skoolgehou. Hy het drie seuns wat hom onthou as 'n baas-storieverteller met 'n groot nostalgie vir die Richtersveld.

In 1987 het hy gedebuteer met *Vlug na Vryheid*, 'n roman oor 'n Afrikaanse soldaat in die Tweede Wêreldoorlog. Daarna het hy nie weer gepubliseer nie. Nancy Kitshoff, die suster van Jan Huisamen, het hom vlak voor sy dood uitgevra oor sy skryfwerk.

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Dr Gerard Hagg  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134  
Tel: 012 332 0127  
Faks: 086 651 9719  
E-pos (stigting & administrasie):  
kompas.admin@vgk.org.za

**Drukker:**

Printburo (tel: 012 335 9134)

**Redaksie:**

Douwe Drijfhout (eindredakteur)  
Ds. Jelle Drijfhout  
Gerhard Bijker  
Marja Danielz  
Heleen Sniijder

**Bladuitleg:**

Ilze van Houwelingen

**Taalversorging:**

Magriet de Mooij  
Lize Kampman

**Webmeester:**

Willemien Kleijn

**Redaksieadres:**

19de Laan 560,  
Rietfontein, 0084  
E-pos: kompas@vgk.org.za

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Kompas, Capitec Pretoria Jacaranda  
Takkode: 47 00 10  
Rek nr: 132 884 5972  
Tjeks asb. uitgemaak aan L. Ros.  
Kontant/Tjekdeposito's: Laat weet  
asb. die administrasie.  
Onthou asb. om u lidnommer / Naam  
& Van waar moontlik te gebruik by  
betalings.

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos: R60  
RSA per hand: R120  
RSA per pos: R160  
Buiteland per e-pos: €10  
Buiteland per seepos: €30  
Jaarliks betaalbaar voor/op 28 Feb. asb.

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik  
gekanselleer word. Kompas is nie  
aan kopiereg onderhewig nie.

Hy het na 'n bietjie teëstribbeling vir haar 'n klomp lêers gegee met onder andere sy onvoltooide manuskrip oor Katryn. Nancy se dogter, Marianne, wat 'n vertaler en redigeerder is, het besluit om dit oor te tik en so vir die familie beskikbaar te stel. Toe sy op 'n keer vir 'n uitgewer daarvan vertel, is die belangstelling geprikkel en het dit op die ou end tot publikasie gelei. Die boek is geredigeer met die hulp van Huisamen se advokaat-seun Johann, wat seker kon maak dat die hof-tonele reg uitgebeeld word. Johann vertel dat sy pa hom gereeld uitgevra het oor hofprosedures. Min het hy toe geweet dat sy pa eintlik besig was met hierdie boek.

*Katryn – vrou van die Richtersveld* is 'n baie interessante, lekkerleesboek. 'n Mens geniet van die karakterbeskrywing van Katryn, haar taalgebruik en die interessante gebruike in die Richtersveld waaroor vertel word. Dalk is die einde 'n bietjie te vergesog of op 'n manier juis weer voorspelbaar. 'n Mens kan ook nie help om te wonder wat sou gebeur as Jan Huisamen dalk self sy eie boek sou afgerond het nie. Die hoorspel is ook beslis die moeite werd om te luister. Heeltemal in 'n ander klas as die hoorspele wat gewoonlik in daardie tydgleuf op RSG uitgesaai word. Vir dié wat dit gemis het, dit kan nog as 'n 'potgooi' van RSG se webwerf afgelaai word.

*Katryn – Vrou van die Richtersveld*, Jan Huisamen, NB Uitgewers, Human & Rousseau, ISBN 9780798156462

**Jenny Boon**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk  
Pretoria-Maranata



## Konkordante vertaling

Die Bybelgenootskap verwag om teen 2018 'n nuwe (konkordante, dus direkte, woordelikse) Bybelvertaling te publiseer. Onlangs is een deel daarvan, die Nuwe Testament en Psalms, gepubliseer. Dit is beskikbaar by Boekenhout-Folmer (R40). Of dit kan gelees word by [www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za). Kommentaar op die vertaling kan gestuur word aan [retief@biblesociety.co.za](mailto:retief@biblesociety.co.za)